Verwysing: 20200619-6590
Lêerno.: 5/1/7/4
Navrae: JT Solomons

Omsendbrief: 0045/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore

Kort opsomming: Gebruik van staatsvoertuie (GG-voertuie) vir reis tussen privaat woning en werkplek.

Onderwerp: Gebruik van staatsvervoer deur amptenare wat oortyddiens verrig en tussen hulle privaat woonadres en werkplek reis

1. Hierdie omsendbrief is hersien, en herroep en vervang Omsendbrief 0024/2015 van 10 April 2015 in die geheel.

2. Hiermee word bevestig dat amptenare wat **georganiseerde oortyddiens na 18:00** verrig, aansoek mag doen om voorsien te word van vervoer wat in staatsbesit/gehuur is vir gebruik vanaf hulle werkplek na hulle privaat wonings, mits die nodige aansoekvorms ver vooruit ingedien is en **sodanige amptelike vervoer beskikbaar is.**

2.1 Dit geskied ingevolge Vervoeromsendbrief 03/2019 van 26 September 2019, afdeling D "Aansoek en gebruik van staatsvoertuie", paragraaf 2 – "Gebruik van staatsvoertuie". Onderafdeling 2(6) meld die volgende: "Staatsvervoer kan beskikbaar gestel word vir amptenare tussen hulle woning en gewone werksplek om die veiligheid van amptenare te verseker of om reis na ure, soos deur die Rekenpligtige Beampte of sy/haar afgevaardigde goedgekeur, tegemoet te kom".

2.2 Voorts meld Hoofstuk 2, artikel 17(1) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) dat "nagwerk", werk wat na 18:00 en voor 06:00 die volgende dag verrig word, beteken .

Artikel 17(2) meld: "'n Werkgewer kan van 'n werknemer vereis of hom of haar toelaat om nagwerk te verrig slegs indien aldus ooreengekom is, en indien−

(*a*) die werknemer vergoed word deur die betaling van 'n toelae, wat 'n skoftoelae kan wees, of deur 'n vermindering van die werkure; en

(*b*) **vervoer beskikbaar is tussen die werknemer se woonplek en die werkplek** by die begin en einde van die werknemer se skof."

3. Die name en ID-nommers van gemagtigde passassiers moet op die reisaansoekvorm (SMV 2019-01) aangedui word en sodanige passassiers mag slegs na hulle permanente woonplek vervoer word.

4. Amptenare wat gemagtig is om staatsvervoer te gebruik vir die doel van amptelike oortydwerk en wat gesinsverantwoordelikhede het, d.w.s. om hulle kinders soggens skool toe te neem, moet vooraf aansoek doen om toestemming van hulle direkteur en die nodige vrywaringsvorm (SMV 2019-04) voltooi. Die rede hiervoor is dat lede nie deur die Staat gedek is nie, in geval van 'n ongeluk wat enige beserings/dood tot gevolg kan hê,.

5. Die volgende prosedure is ingestel vir die afhaal en terugbesorg van GG-voertuie wat vir oortyddoeleindes gebruik word:

- Amptenare mag slegs GG-voertuie daagliks na 14:30 afhaal (indien beskikbaar).
- Amptenare moet toesien dat voertuie stiptelik voor 08:00 terugbesorg word, aangesien versuim om dit te doen, 'n direkte uitwerking op die GG-vervoerafdeling se vermoë het om 'n effektiewe en doeltreffende vervoerdiens te lewer wat aan die gewone daaglikse vervoerbehoeftes van ons kliënte voldoen.

5.1 Waar 'n amptenaar wat oortyd gewerk het en aan wie 'n GG-voertuig uitgereik is nie vir werk kan aanmeld nie om enige rede, ingeslote siekte, sal die volgende maatreëls geld:

- Dringende reëlings moet met die amptenare van die direktoraat getref word om te verseker dat die GG-voertuig by die afwesige amptenaar se woonplek afgehaal en aan GG-vervoer terugbesorg word binne die vasgestelde tyd.
- Versuim om aan bogenoemde stap te voldoen, sal in 'n baie ernstige lig beskou word en korrektiewe stappe kan teen die amptenaar gedoen word, ingeslote die weiering om in die toekoms voertuie in staatsbesit/gehuurde voertuie uit te reik vir oortyddoeleindes.

6. Weens die koste-inperkingsmaatreëls wat tans ingestel is, moet alle versoeke om staatsvervoer vir oortyddoelendes behoorlik gemotiveer en deur die afgevaardigde amptenaar beheer word, en die koördinering van voertuigritte moet geïmplementeer word om die huidige uitgawes op die daaglikse en kilometerkostes van die voertuigvloot te verminder.

7. Daar kan vir verdere inligting met enige van die volgende amptenare by Hoofkantoor in verbinding getree word:

Mev. F Abdou	Telefoonno. 021 467 2811
Mev. C Albertus	Telefoonno. 021 467 2794
Me. A Gana	Telefoonno. 021 467 2715
Me. V Ntshinga	Telefoonno. 021 467 2808

8. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle betrokkenes gebring word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-10-26